

6 Julie

Skrifgedeelte: Jeremia 36:14-26 (NAV)

Fokusgedeelte: Jeremia 36:15, 23

Om waarskuwings van God te ignoreer, kanselleer nie die oordeel nie

Kan jy jou indink dat iemand die Bybel se bladsye waaruit jy voorlees, uitskeur en in die vuur gooi? Dis wat met die boodskap van die Here deur Jeremia aan koning Jojakim en sy medeleiers gebeur het. Jeremia moes sy profesieë, waarin Juda tot bekering geroep is, laat neerskryf. Alles word woord-vir-woord op die boekrolle geskryf. Baruk, die skrywer, gaan lees dit aan die volk voor op 'n vasdag. Die eerste hoorders skrik vir die boodskap dat die Here sy volk aan die heidense Galdeërs gaan oorgee. Daar word gereël dat die koning en sy senior leiers die belangrike boodskap moet hoor. Hy stem in om te luister.

Dit was winter, die koning en sy leiers knus in die warm deel van die paleis, by die kolebak. Jehudi lees God se skerp oproep tot bekering voor. Hulle hoor. Watter seën sou dit nie vir die volk wees wanneer hulle die woorde van God ter harte sou neem nie! Maar in sy arrogante hoogmoed hoor die koning net vir Jeremia en nie die Here nie. Daarom sny hy kolom vir kolom die geskrewe boodskap af en gooi dit in die vuur. Hulle word nie bang vir God se komende oordeel nie. Daar was geen bekering nie.

Dikwels word God se Woord ook vandag as mensewoorde gesien. Ons hoor wat ons wil hoor. Ons “verbrand” wat ons nie aanstaan nie. Dis vir die ou tyd, word gesê. Bekering vra te veel. Ons vrees nie God se waarskuwings oor die komende oordeel nie. In Jesus Christus word die verlossingsboodschap verkondig. Maar dieselfde Jesus sal as Regter kom oordeel oor elkeen wat sy evangelie verwerp.

Koning Jojakim kon nie die kragtige werking van die woorde van God uitbrand nie. As iemand die Bybel verwerp, kanselleer dit nie God se waarskuwings nie. Hy sal doen wat Hy sê. Hy skenk genade waar bekering is, maar Hy straf hulle wat hardkoppig volhard op hulle sondige paaië.

Moenie moedeloos word wanneer iemand jou Bybelse boodskap ignoreer nie. Volhard om die waarheid uit te dra, verkondig God se Woord onvervals. Hy sal sy woorde waar maak.

Sing: Psalm 18-1:14 (1936)

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)